# Derdegolfbestuur: 'n prinsipiële besinning[1]

S. Kruger
Departement Ondernemingsbestuur
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG

G.J. de Klerk
Departement Ondernemingsbestuur
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Third Wave management: A deliberation on the principles**

*The postmodern understanding of reality revolves around the idea that there are no absolute values – everything is in flux. Postmodernism is a revolutionary epoch in man's existence and implies a transitionary state from modernism to a new era of thinking. The science of management, being dynamic, is continually interpreting the status of presentday companies. Toffler proposed a managerial theory called Third Wave management. This theory embodies the current postmodern understanding of reality. While a superficial similarity exists between Third Wave management and the New Age Movement, it does not necessarily mean that Third Wave management shares the ideological and spiritual pre-suppositions of the New Age Movement. Third Wave management theory can be interpreted as part of a post-modernist paradigm which eventually precipitates in middle range management science (a mesoparadigm). Several managerial models and structures can thus be developed.*

## 1. Inleiding

Teen ongeveer 1970/1980 het ons die tydperk van die goedaardige waterdraer (Aquarius) ingegaan, 'n totale nuwe tydperk waarvoor die *New Age* die mens moes gereedmaak (Van der Walt, 1990:12). Hierdie tydperk plaas 'n besondere verantwoordelikheid voor die deur van die Christenwetenskaplike want die *New Age*-beweging is 'n geestelike, kulturele en sosiale mag wat die mens en samelewing wil transformeer (Van der Walt, 1990:7).

Die invloed van die hedendaagse en veral *New Age*-denke in die bestuurswêreld het dan ook terme soos Tweede- en Derdegolfbestuur tot gevolg gehad. Hierdie toedrag van sake vra ernstige besinning oor die betekenis van hierdie ontwikkelinge en hoe ons dit tot eer van God en tot voordeel van ons naaste kan inspan. Hierdie artikel is juis 'n poging om op wetenskaplik verantwoorde wyse

[1] Dié artikel is ontwikkel op grond van basiese idees uit die verhandeling van dr. Johan Buitendag met die titel: "Die Derdegolf-bestuur en *New Age*-denke".

oor Derdegolfbestuur te besin. Hierdie soort besinning is uiteraard onmoontlik as nie eers gekyk word na die agtergrond van waaruit Derdegolfbestuur ontstaan het nie – veral ook om 'n antwoord te gee op die vraag of dit werklik 'n werkbare bestuursmodel is en kan wees en of dit net nog 'n hoek is van waaruit bestuur benader kan word. Anders gestel, is dit werklik 'n wetenskaplike model of is dit 'n gewone bestuursmodel wat op 'n "nuwe" lewensbeskouing gefundeer is? Om die gestelde doel te verwesenlik, is dit nodig om eers kortliks na die *New Age*-beweging te kyk en dan die agtergrond van die jongste ontwikkelinge te skets alvorens evaluerend na Derdegolfbestuur gekyk kan word.

## 2. Die rol van die *New Age*-beweging

### 2.1 Inleiding

Met Christus se geboorte is die tydvak van die Vis (Pisces) ingelui en nou, tweeduisend jaar later, is ons op die punt om – na wat beweer word oor die sonjaar en die relatiewe stand van die diereriem – die tydvak van die Waterdraer (Aquarius) te betree. Die Waterdraer moet help om die fonteine van die lewende water in mense se siele te ontdek. Waar die tydvak van die Vis geken was aan die rede, rasionaliteit, analise, manlikheid, kragdadigheid en polarisasie is hierdie nuwe tydperk eerder bekend vir intuïsie, emosionaliteit, sintese, vroulikheid, liefde, harmonie (Capra, 1989:119-123). Die verwagting bestaan dus onder *New Age*-aanhangers dat ons nou op die drumpel van die nuwe, goue tydvak staan. In hierdie verband praat Capra in die titel van een van sy publikasies ook van die sogenaamde "turning point".

Buitendag en Van der Merwe (1991:12) maak die volgende stelling oor die *New Age*:

> Hierdie onderskeid tussen *New Age* en die nuwe tyd kan verstaan word indien in ag geneem word dat die *New Age* prinsipieel geen uitgewerkte leer het nie, maar as 't ware van die praktyk af na die teoretiese beweeg en dus nie in die eerste plek verskyningsvorme skep nie, maar dit eerder toe-eien. Die *New Age* leun geweldig swaar op sekere aspekte van die nuwe tyd, sonder dat hulle hierdie aspekte self daargestel het. Die *New Age* eis daardie sake op wat sy doel van 'n universele harmonie dien. So asof alle goeie dinge die resultaat van sy aktiwiteite is!

### 2.2 Sekere basiese beginsels van die *New Age*-denke

Dit is moontlik om die *New Age* op vier verskillende vlakke te interpreteer (Spangler, 1984: 78-81), naamlik die kommersiële vlak wat totaal oppervlakkig is en net om uiterlike dinge gaan. Die tweede vlak is dié van die fantasie en betowering wat in die buitengewone gesetel is. Derdens is daar die paradigma-verskuiwing wat intree vanweë die misnoeë en teleurstelling met die Westerse

modernistiese verstaan van die werklikheid. Die vierde vlak van interpretasie is die herlewing van die menslike bewussyn en die spirituele bewuswording van die geestelikheid van die werklikheid. Dit spreek vanself dat die derde en vierde vlak belangrike implikasie vir bestuursontwikkeling het en dus ter sake is. Die volgende sleutelterme word in dié konteks as die belangrikste uitgesonder:

- **Holisme**: Die werklikheid word beskou as 'n groot, enkelvoudige organiese eenheid waaraan individuele elemente deel het. Die geheel is belangriker as die dele. Holisme voeg die natuurlike en die bo-natuurlike tot 'n eenheid saam. God is deel van die universum (Verkuyl, 1989:19).

- **Monisme en panteïsme**: Die holisme moet vanuit 'n sterk monistiese vertrekpunt verstaan word. Die eenheid word so sterk beklemtoon dat die dele heeltemal ondergeskik is. Alles kom dus op een enkele punt neer: die werklikheid word volledig deel van die goddelike en die sigbare werklikheid is net 'n soort illusie. Hiermee word aangesluit by sekere Oosterse godsdienste soos die Hindoeïsme (Van der Walt, 1990:13).

- **Sinkretisme**: Dit beteken dat geen uniekheid aan God toegeken word nie, maar dat Hy soos en naas ander gode is (Verkuyl, 1989:28). In dié teologie word ook van sinkretisme gepraat omdat daar nie vir een godheid gekies word nie, maar 'n soort gemene deler ten opsigte van verskillende gode, willekeurig gesoek en aangehang word (Newbigin, 1989:8). Alle godsdienste is vir die *New Age* wesenlik dieselfde (Boa, 1977:251). Die onderskeie godsdienste is almal paaie na dieselfde bestemming.

- **Die mens word beskou as 'n goddelike wese**: Omdat alles as 'n sterk eenheid gesien word, word die mens beskou as 'n geestelike wese. Eintlik word hiermee bedoel dat die mens latent 'n god is. Die ontwikkeling van die mens se verstand en die ontdekking van sy eie godheid het tot gevolg dat positiewe denke as 'n krag gesien word wat die ongelooflike kan vermag. Die mens moet hom instel tot selfverwerkliking. Hierdie aannames word bevestig in 'n kennisgewing wat in 1989 versprei is deur die Shekum Foundation wat 'n byeenkoms op Tafelberg georganiseer het. Hierin word onder andere gesê:

  > We are all being invited to share in the experience of being Christ. We are all being called to a higher dream, a higher purpose wherein we can contact our archetypal self and outpicture that reality in the world. We are all incarnations of Christ

Ten einde die raakvlakke tussen Derdegolfbestuur en die *New Age*-denke te vind, is dit nodig om ook op 'n bepaalde interpretasie van die *New Age*-denke te wys wat dikwels in beoordelings figureer, naamlik die identifisering met *Satanisme*. Dit was onder andere Marrs (1987) en Cumbey (1983) wat die *New Age* verdink

het van 'n diaboliese sameswering om die skepping van God te ontruk. Verkuyl (1989:50) maan tot versigtigheid om te vinnig hierdie standpunt te onderskryf. Buitendag en Van der Merwe (1991:62) reken dat hierdie sake geensins te identifiseer is nie. Fowler (1990:40) sê hieroor: "While the *New Age* is clearly a new form of paganism that should be wholly unacceptable to Christians, it is unsatisfactory to regard it as a Satanic conspiracy."

Die gevaar van die *New Age* lê daarin dat sommige van die aanhangers daarvan dit in 'n geheelsisteem wil insluit (Buitendag & Van der Merwe, 1991:13). Die *New Age*-denke neem 'n soort godsdienstige dimensie aan wat *plaasvervangend* ten opsigte van die geloof aangebied word. Die *New Age* wil nie meer beskryf nie, maar wil voorskryf. In hierdie sin is dit op presies dieselfde vlak as enige ander wêreldgodsdiens, soos byvoorbeeld die Christendom, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en ander. Dit gee dan voor om die antwoord te bied om die totale werklikheid te verstaan (vgl. par 4).

Die *New Age* het maar pas die geboortefase van godsdienswees deurloop; daarom is daar ook beswaarlik 'n uitgewerkte leer en 'n eenduidige, sistematiese weergawe van sy leerstellings.

## 3. Perspektiewe op die verstaan van die werklikheid

Sedert die vroegste begin van die mens het hy reeds probeer om die werklikheid te verstaan en te verklaar. Die verstaan van die werklikheid is die handvatsels waarmee aan die werklikheid vasgehou kan word. Die mens meen dat as hy die werklikheid kan verstaan en verklaar, hy dit moontlik kan beheer en 'n beter greep daarop sal kan uitoefen.

Wat word met *die verstaan van die werklikheid* bedoel? In hierdie konteks gaan dit om 'n spesifieke soort verstaan van die werklikheid. Dit gaan om die inspanning van ken- en denkaktiwiteite langs die weg van 'n bepaalde metode – die wetenskaplike metode. Die wetenskaplik verantwoordbare metode bring 'n mens by wetenskapsbeoefening. Dit betrek noodwendig ook die lewensbeskoulike wat persoonlik en subjektief is. Die kenbare (die werklikheid) en die een wat kan ken (die wetenskaplike) is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die werklikheid kan nooit net 'n kwessie van *waarneming* wees nie. Om die werklikheid te kan verstaan moet die mens weet wie hy is, waarom hy is en waarheen hy op pad is (vgl. par. 4.1).

Die verstaan van die werklikheid is tydgebonde en oefen 'n direkte invloed uit op die mens se omgang met alles en almal. Ook die bestuurswetenskap is nie hiervan uitgesluit nie. 'n Sprekende voorbeeld is veral die werk van Wheatley (1992) wat die mees resente pogings van die kwantumfisika om die werklikheid

te verstaan vir die bestuurswetenskap diensbaar wil maak. Die verstaan van die werklikheid het dus ook met die bestuurswetenskap te make.

Die eeuwending is besig om nader te kom. Die mens het nog altyd teruggedeins vir 'n eeuwending en dit gevolglik as iets byna bonatuurliks beleef. Godsdienstige strominge het in hierdie periodes floreer. Wat hou die een en twintigste eeu vir ons in? Die sogenaamde *transpersonale astroloog*, Errol Vyner (1989), het op 26 Maart 1989 in 'n radiopraatjie op Radio South Africa die volgende gesê: "... 1989 is the year that astrologically these children that were born in 1962 will wake up consciously to the part they have to play in inaugurating this new era ... a new type of culture will emerge through them ..."

In sy poging om die werklikheid te verstaan, het die mens geheelsisteme ontwikkel wat 'n globale teorie bied om alles onder een sambreel in te sluit. Een so 'n poging kom van die *New Age*-beweging wat die fisiese en die metafisiese werklikheid wil verenig. Hierdie poging is die hedendaagse mens se antwoord op die frustrasie wat sommige mense onder andere met die Christendom ervaar.

Dit is juis die bedoeling van hierdie artikel om aan te toon of Derdegolfbestuur 'n legitieme plek in die ry van bestuursmodelle het en of dit maar net 'n ander verwoording van die postmoderne verstaan van die werklikheid is. Daarom sal dit nodig wees om te bepaal of 'n bepaalde *godsdienstige of ideologiese* vooronderstelling in die bestuurswese ingebed is.

Derdegolfbestuur is een van die terme wat tans gebruik word om die jongste ontwikkelinge op bestuursterrein te tipeer. Die mens word dus voor nuwe uitdagings gestel om te verstaan en te verklaar. Dit beteken eenvoudig dat die ontwikkeling allerlei vrae laat ontstaan. Die belangrikste vrae is onder andere die volgende:

- Is Derdegolfbestuur werklik 'n nuwe soort bestuur?
- As dit nie regtig 'n bestuurstelsel is nie, wat is dit dan?
- Wat is die verband en verhouding met die *New Age*-Beweging?
- Wat is ons antwoord as Christene op Derdegolfbestuur?

Dit is derhalwe die oogmerk om nie soseer sekere oppervlakkige raakvlakke tussen die Derdegolfbestuur en die *New Age*-beweging te probeer uitwys nie, maar om die *eintlike* onderskeid te probeer vind. Dit gaan nie om 'n kwantitatiewe bepaling van die grootste aantal gemene delers nie, maar eerder om 'n *kwalitatiewe fokus* op daardie sake wat werklik ter sake is.

Die stelling word in hierdie artikel beredeneer dat die Derdegolfbestuur nie reglynig met die *New Age*-denke te vereenselwig is nie, maar dat albei op 'n unieke wyse die verstaansklimaat van die komende eeuwenteling verwoord. Die groot verskil lê egter daarin dat die een 'n bestuursteorie is en dat die ander 'n lewensbeskouing is wat in 'n geheelsisteem sluit. Derdegolfbestuur het geen religieuse pretensies nie, maar hou rekening met die teenswoordige verstaan van die werklikheid wat veel meer is as bloot die empiries-waarneembare. Derdegolfbestuur is die bestuursteorie van die postmodernisme wat, in reaksie op die modernisme, ook in elke ander vakwetenskap op eiesoortige wyse uitdrukking vind.

## 4. Van die modernisme na die postmodernisme

### 4.1 Die ontwikkeling in die verstaan van die werklikheid

Dit is moontlik om van drie wendinge in die mense se werklikheidsverstaan te praat (Riedl, 1981:153-185). Ten eerste was daar die sogenaamde Kopernikaanse wending. Voor hierdie wending kan eerder gepraat word van die mitiese mens wat sy wêreld slegs van binne geken het (Gogarten, 1952:145). Daarom was daar ook geen besinning moontlik nie. Die geheel was in die onderdeel te vind en die onderdeel in die geheel (Gogarten, 1968:37).

Die Kopernikaanse wending het die mens verplaas vanuit die middelpunt na 'n onbelangrike waarnemer van die kosmos (Riedl, 1981:164-165). Dit sou eers die ontdekking van Charles Darwin wees wat hierdie saak verder gevoer het met biologiese en paleontologiese insigte (Riedel, 1981:176). Darwin se poging om 'n kousale verklaring van die evolusie van organismes daar te stel, kan dus beskou word as die tweede wending.

Die derde wending het gekom met die ontdekking van die mens se *ek-bewussyn* (Riedl, 1981:176-179). Die negentiende eeu is afgesluit met 'n volslae materialisme. 'n Mens sou by hierdie wending ook drie aksente kon identifiseer wat die verandering teweeggebring het (Buitendag, 1985:26). Die eerste fokus was die era van die termodinamika soos verteenwoordig deur Ostwald, die tweede was Einstein se besondere (1905) en algemene (1916) relatiwiteitsteorieë, en die derde weer is die Kopenhaagse interpretasie van die kwantumteorie in die fisika.

Küng (1991:3) maak die belangrike opmerking dat juis die geskiedenis in terme van hierdie wending geïnterpreteer moet word. Daarom is die derde draaipunt vir hom 1918, met die Eerste Wêreldoorlog:

> The time of the shift from 'modernity' to postmodernity is usually put too late, making it a sudden development: the tendency is to make the postmodern period begin in the 1970s or 1980s. But the basic onset of

modernity already began with the collapse of bourgeois society and the Eurocentric world around the time of the First World War.

Hierdie meganistiese werklikheidsverstaan sou 'n mens ook in die taal van Toffler die sogenaamde *tweede golf* (1980:33-137) kon noem. Alhoewel Toffler (1980:24) ander kategorieë aanwend om dit aan te dui, naamlik dat die eerste golf die landbourevolusie was wat die mens 'n nuwe greep op die natuur gegee het en die tweede golf weer die nywerheidsomwenteling is, korrespondeer hierdie fases duidelik met die reeds aangeduide wendinge.

## 4.2 Verandering deur paradigmaverskuiwing

Paradigma en paradigmaverskuiwings het modewoorde geword, maar beteken verskillende dinge vir verskillende mense. 'n Paradigma kan wees 'n versameling gemeenskaplike aanvaarde prestasies (teorieë, modeloplossings, voorspellings en wette) soos Mouton (1987:59) dit stel. Ander woorde waarmee 'n paradigma ook beskryf word, is 'n sif, 'n bril, 'n patroon, 'n ongewone gebeurtenis, 'n voorbeeld en 'n fundamentele manier om dinge te doen. Vir die doeleindes van hierdie artikel word aanvaar dat 'n paradigma 'n bepaalde kyk na die werklikheid impliseer en 'n denkraamwerk is wat mense in staat stel om dinge waar te neem. 'n Paradigma is dus 'n bepaald gekleurde lewensbeskouing waarmee na die werklikheid gekyk word wanneer daar gepoog word om dit te verstaan.

Van belang is ook om die *verskuiwing* van nader te bekyk. Die keuse van 'n nuwe paradigma is volgens ons definisie 'n *geloofskeuse*. Mouton (1987:66) haal ook Kuhn aan wat paradigma gelykstel aan "a set of beliefs, myth, a successful metaphysical speculation, an organising principle governing perception itself". Volgens Küng (1991:134) moet daar onderskei word tussen die volgende:

- Makroparadigmas, wat as werklike fundamentele denkraamwerke figureer (soos dié van Kopernikus, Newton en Einstein).
- Mesoparadigmas, waar mediumveranderings intree (soos die liggolfteorie, dinamiese teorie en ander).
- Mikroparadigmas, wat op voetsoolvlak figureer (soos die ontdekking van die mikroskyfie).

Populêre boeke in die bestuurswese sien nie hierdie onderskeid raak nie en hanteer die verskynsel van paradigmaverskuiwing byna voor die voet op mikrovlak (Barker, 1992). Dit is merkwaardig dat Toffler (1980:33-137) hom nêrens deur die begrip paradigma laat bedien nie, alhoewel hy deurgaans van die *saak* daarvan praat in terme van die drie verskillende golwe van verandering. Hierdie sogenaamde golwe van verandering is dan duidelik die *makroparadigmas* in soverre dit die verstaan van die werklikheid raak.

### 4.3 Holisme en deelname

Die mens moet wegbeweeg van 'n *óf/óf*-siening van die werklikheid na 'n *én/én*-beskouing want laasgenoemde benadering benadruk die verskil tussen 'n statiese en 'n dinamiese verstaan van die werklikheid. Ook benadruk 'n én/én-benadering die verskil tussen logiese en laterale denke. Dit gaan in die nuwe kwantumfisika nie om dinge en voorwerpe nie, maar om die verhouding in 'n netwerk.

Die *S-diagram* (*s* as akroniem vir *scattered*) word ook in die kwantumfisika aangewend om die interaksie van die werklikheid onderling aan te toon (Capra, 1989:287-314). Die *S-diagram* is die verskyningsvorm wat hoë-energiepartikels (hadrone) binne 'n bepaalde omgewing kan aanneem, afhangende van die energie wat beskikbaar is. Deur middel van hadrone kan fisici die proses van voortdurende transformasie, nood, verval en groei matematies beskryf. Die resultaat is 'n netwerk van interaksies, 'n struktuur van prosesse en potensiële verhoudinge. Wheatley (1992:71) pas hierdie proses op die onderneming toe. Sy sê dat werknemers nie as losstaande entiteite beskou moet word nie, maar as deel van die groter geheel in die maatskappy. 'n Mens is mens deur middel van ander mense: *Umuntu ngumuntu ngabantu*.

### 4.4 Die skuif na postmodernisme

Die ontevredenheid met individualisme, spesialisasie, standaardisasie, sinchronisasie, die *establishment* en hul deskundige uitsprake het uiteraard by baie mense weerstand gewek. Die groot klem op die rede en die wetmatigheid wat uit die wetenskap na vore gekom het, het mense na nuwe moontlikhede laat soek. Die relativisme is juis 'n poging om rigiditeit teen te werk. Binne die relativisme is niks meer gebonde aan vaste strukture nie, die omstandighede en die tyd is die primêre rolspelers, en alle moontlikhede moet oorweeg word.

Met die voorgaande as agtergrond is dit moontlik om die ontwikkeling van Derdegolfbestuur van nader te bekyk.

## 5. Derdegolfbestuur

### 5.1 Inleiding

Die omgewingsfaktore van die onderneming, bekend as die *makro-omgewing*, die *taakomgewing*, en die *onderneming self* asook die *sosio-kulturele faktore* speel 'n onmisbare rol in die veranderinge wat op 'n onderneming inwerk. Dit is in hierdie opsig dat die verstaan van die werklikheid waarin die gemeenskap funksioneer 'n deurslaggewende rol sal speel in terme van verandering in die onderneming. Drucker (1989:213-223) wys duidelik op die verwantskap en wisselwerking van bestuur en omgewing. Bestuur is daarom 'n kuns (Drucker,

1989:223), 'n kulturele aangeleentheid (Drucker, 1989:221) en het 'n sosiale verantwoordelikheid (Drucker, 1989:218).

## 5.2 Die evolusie van die bestuursdenke

Om die proses beter te begryp word dit aan die hand van Figuur 1 verduidelik. Daar is hoofsaaklik twee groot kategorieë waarin die evolusie van bestuur gedeel kan word, te wete die *klassieke benadering* en die *kontemporêre benadering* (Bateman & Zeithaml, 1993:34). Die ontwikkeling oor die afgelope sewentig jaar word skematies soos volg weergegee:

**Figuur 1: Die evolusie van bestuursverstaan**

| 1890 | 1900 | 1910 | 1920 | 1930 | 1940 | 1950 | 1960 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sistematiese bestuur | Wetenskaplike bestuur | Burokratiese bestuur | Administratiewe bestuur | Kwantitatiewe bestuur | Organisatoriese bestuur | Sisteemteorie | Gebeurlikheidsteorie |

Bron: Bateman en Zeithaml (1993:34)

Beck (1993) van die National Values Center in Texas, Amerika, sien volgens sy "Psychological Map" dat hierdie evolusie oor agt fases voltrek word. Hierdie proses hou duidelik verband met die evolusie van verandering van Tweede- na Derde- en selfs Vierdegolfbestuur. ('n Opsommende weergawe van hierdie evolusiefases word op p. 218 aangebied – Figuur 2.)

## 5.3 Basiese beginsels van Derdegolfbestuur

Toffler (1980:141) begin sy uiteensetting van die derde golf deur dit die "*New Age* of synthesis" te noem. Hierdie derde golf is die tyd waar daar omarm en geïntegreer moet word, ten spyte van alle verskille en spannings; daarom moet daar nie in terme van reguit en divergerende lyne gedink word nie, maar in terme van konvergerende sametrekkings en impulse. Stukke en brokke moet nou bymekaar uitgebring word. Toffler (1980:141) verklaar dan: "For nothing *will* remain unchanged. The future is fluid, not frozen."

Onder die opskrif, "Hallmarks of a changing world", bied Maynard en Mehrtens (1993:27-30) 'n samevatting van die verandering wat die tweede golf uitgedien gemaak het en die aanbreek van die derde en selfs die vierde golf genoodsaak het. 'n Beknopte weergawe is die volgende:

- **'n Verskuiwing in bewuswording**. Die mens raak opnuut bewus van sy eie inherente vermoë en die krag van die innerlike gees. Die mens is nou die skepper van sy werklikheid. Dit maak hom verweefd met die groter geheel.

## Figuur 2: Die evolusie van die verstaan van die werklikheid

| | |
|---|---|
| "Reactive/Automatic band" | • Kuddegedrag<br>• Sterk lede op periferie. Beskerm swakkeres binne groepsbande t.w.v. paring, jag en migrasie<br>• Bewegings word deur weersomstandighede, kos en water bepaal |
| "Tribalistic, animistic tribe" | • Sirkelvormige struktuur<br>• Word deur 'n hoofman gelei<br>• Rolle word deur krag, geslag en ouderdom bepaal<br>• Tradisie word heilig bewaar<br>• Gehoorsaamheid word vereis |
| "Egocentric, exploitive empire" | • Kraggeoriënteerd<br>• Sterkstes neem besluite<br>• Groot baas<br>• Afwaartse kommunikasie alleen<br>• Magsposisie bepaal verhoudinge |
| "Absolutistic, saintly passive hierarchy" | • Rigiede reëls vir die struktuur<br>• Slegs gevolmagtigdes neem besluite<br>• Goddelike outoriteit<br>• Kommunikasie sowel afwaarts as opwaarts<br>• Mense bly in toegesegde posisies |
| "Multiplistic, materialistic active hierarchy" | • Burokraties en statusgeoriënteer<br>• Die persoon met die mandaat neem besluite<br>• Magsverdeling<br>• Kommunikasie sowel vertikaal as horisontaal<br>• Ook prestige en status, naas mag, speel 'n rol |
| Personalistic, relativistic social net-work" | • Organisasie van gelykes vir wedersydse voordeel<br>• Min statusbewustheid<br>• Die 'mense' neem die besluite<br>• Aktiewe kommunikasie<br>• Klem op konsensus, sensitiwiteit en behoeftes |
| "Systematic, existential functional flow" | • Struktuur word deur die taak bepaal<br>• Projekgerig<br>• Bevoegde persoon neem die besluite<br>• Kommunikasie slegs na behoefte<br>• Stamverband tot sosiale netwerk kan *ad hoc* aangeneem word |
| "Trans-personal, global flux" | "Too early to detect" |

Bron: National Values Center (1983)

- **Onvergenoegdheid met die wetenskap**. Die tendens om alles en almal te reduseer tot matematiese formules en die verabsolutering van stoflike deeltjies het uitgedien geraak. Die kil deduktiewe metode van die wetenskap word bevraagteken. Descartes se filosofie van 'n verobjektivering het uitgedien geraak (Capra, 1989:27-28).

- **Innerlike vermoë van mag en gesag**. Die sogenaamde 'onbewuste' word nou die eintlike stukrag om die werklikheid te verstaan. Daarom is begrippe soos openbaring, kreatiwiteit, inspirasie, intuïsie so belangrik. Die innerlike vermoë is dan ook "The battle of control".

- **Hervergeesteliking van die maatskappy**. Die waarde en bedoeling van alles word toenemend bevraagteken en gesoek. Maynard en Mehrtens (1993:36) verwys ook uitdruklik na die *New Age* se tegnieke van meditasie en ander metodes van selfontdekking en -ontplooiing.

- **Verval van materialisme**. Hierdie tendens impliseer 'n verskuiwing van mededinging na samewewerking, van materialisme na spiritualiteit, van konsumerisme na prosumerisme (Toffler, 1980:286). De Bono (1994:ix) wil ook eerder nie van "competition" praat nie, maar van "surpetition". "Surpetition" impliseer die skep van strukture en waardes. Dit gaan nie om wat jy het nie, maar om wat jy *doen* (Toffler, 1980:397). Daar word nie meer gevra of daar geld gemaak word nie, maar of daar waarde toegevoeg word.

- **Politiese en ekonomiese demokratisering**. Die onderdruktes en agtergeblewenes kom al hoe meer na vore. Die "New international economic order" vra vir nuwe waardes en eis geregtigheid ten opsigte van die omgewing en die ekonomie.

- **Anderkant nasionaliteit**. Die interafhanklikheid van die verskillende lande veroorsaak dat die raakvlakke toenemend geaksentueer word. Ekonomiese en tegnologiese samewerking word die leuse. So word ook die aarde in eko-streke verdeel in terme van habitat, grond, klimaat en lewe. "No true profits can be claimed until business costs are paid. This includes all social costs as determined by detailed analysis of the social balance between the firm and the society" (Pierce & Robinson, 1991:69).

- **Holisme**. Hierdie is waarskynlik die mees sentrale begrip van die derde golf. Universiteite het toenemend begin vra na interdissiplinêre wetenskapsondersoek en kruisbestuiwing (Toffler, 1980:312). Hierdie globale benadering het ook gestalte in die wetenskap en godsdiens gevind. Toffler (1980:313) pas holisme ook op die geneeskunde en die bankwese toe.

## 6. Samevattende perspektief

Met die naderende eeuwenteling is die mens meer as ooit psigologies bewus van verandering. Intussen het die modernistiese werklikheidsverstaan geblyk uitgediend te wees by vele bestuurswetenskaplikes. Die een na die ander valse voorveronderstelling hiervan is ontmasker. Die postmoderne werklikheidsverstaan sê: niks is absoluut nie, maar alles *word* of *gebeur*. Die kwantumfisika, by name die Kopenhaagse interpretasie daarvan, het hierdie dinamiek 'n deel van die hedendaagse werklikheidsverstaan gemaak. Die fokus word nou verplaas van statiese voorwerpe en kliniese eksakthede na willekeurige wisselwerking, tendense en aktiwiteite. 'n Globale verstaan van die werklikheid word as noodsaaklik geag omdat dit blyk dat niks absoluut kan bestaan nie en dat die kennende *ek* noodwendig by die kenbare *dit* betrek word en omgekeerd. Hierdie wisselwerking maak die voorwerp ook onderwerp en die onderwerp ook voorwerp.

Die bestuurswetenskap as dinamiese wetenskap het die vinger op die pols van die hedendaagse maatskappy. Die bestuurswetenskap tel die ritme op van die hedendaagse maatskappy, dit ontsluit, stuur en sistematiseer 'n visie. Toffler het die trillings van hierdie globale veranderings reeds aangevoel met sy *Future shock* en dit het hy verwerk in 'n bestuursteorie, genaamd die *Derdegolfbestuur*. Hierdie bestuursteorie verreken die hedendaagse postmoderne verstaan van die werklikheid, doen afstand van die modernisme en verklaar sodoende die bestuurswese tot kind van sy tyd.

Die veranderende werklikheidsverstaan is egter so ingrypend dat dit noodwendig ook religieuse en ideologiese voorveronderstellings betrek. Die *New Age*-beweging is by uitnemendheid 'n voorbeeld van so 'n werklikheidsverstaan wat die een en twintigste eeu inlui. Hierdie beweging wil ook alle tersaaklike metafisiese insigte sistematiseer en insluit. Die Christendom, en trouens die meeste ander godsdienste, kan geen vrede met die *New Age*-beweging as nuut ontstane godsdiens hê nie en kritiek is daarom ook duidelik teen dié beweging uitgespreek (Van Aarde, 1990:308). Sekere kritiek is egter meer billik as ander. Veral sekere Christen-kritici se onbillike assosiasie van die *New Age* met die Satanisme skep groot agterdog. Selfs sake wat vandag algemeen aan wetenskaplike denkprosesse en aannames toegeskryf word, word verkeerdelik as die vergestalting van die duiwel self beskryf. Dit wil nie sê dat aanhangers van die *New Age*-beweging hulle nie by geleentheid by Sataniste geskaar het nie, want dit sou ook gesê kon word van mense wat voorheen aan ander godsdienste behoort het.

Dit is dus hoegenaamd nie vreemd dat Derdegolfbestuur deur sommige as totaal verwerplik beskou word en dat bestuurders wat dit sou verdiskonteer, van godsdienstige voorveronderstellings verdink word nie. Dit is ook moontlik om Derdegolfbestuur te verstaan minstens op die vlakke van *bo* die oppervlak en

*onder* die oppervlak. Bo die oppervlak is daar 'n magdom hedendaagse kunsprodukte, spreuke en gebruike. Etlike voorbeelde bestaan waar Derdegolfbestuur as term bloot aangewend word in die sin van verandering, nuut en op datum wees. Voorbeelde van sienings bestaan – soos onder andere by Capra (1989) en ook Low (1990) – waar die postmodernisme as werklikheidsverstaan met godsdienstige aksente geïntegreer word. Nêrens word die Derdegolfbestuur *egter* as 'n *geestelike wedergeboorte* en 'n eksklusiewe *ideologiese verstaan van die werklikheid* aangebied nie. Trouens, Derdegolfbestuur word so eietyds gehanteer dat daar selfs al van Vierde- (en selfs Vyfde-!) golfbestuur gepraat word. Hierdie aannames wys duidelik op die oppervlakkige manier waarop die saak deur baie skrywers gehanteer word.

Derdegolfbestuur word nie as *eksklusiewe* moontlikheid aangebied nie. Ook word dit nie *voorskriftelik* gehanteer of voorgegee dat dit *tydloos* is nie. Derdegolfbestuur omvat nie die *totale* werklikheid nie, is geen godsdiens of godsdiensverwante geheelbeeld nie, en dit vra ook nie persoonlike wedergeboorte nie.

Die postmodernisme is 'n ingrypende paradigmaverskuiwing: dit is die oorgang van die modernisme na die volgende era. Hierdie paradigmaverskuiwing word nie aanvaar of verwerp nie; dit word nie met tabelle en sketse vasgevang nie; dit word nie in 'n studeerkamer uitgedink of geformuleer of aangepas nie. 'n Paradigmaverskuiwing is 'n proses van simbiose by alles en almal; daarom vind dit oral neerslag, van die wetenskap tot die godsdiens, van die bestuurswese tot die *New Age*-denke. Geen saak op die oppervlak kan hom vandag vry verklaar van hierdie verandering nie. Geeneen kan *New Age*-denke ignoreer of sy terminologie en simbole ongemerk laat verbygaan nie.

Omdat daar 'n oppervlak-ooreenstemming tussen Derdegolfbestuur en die *New Age*-beweging is, beteken dit nie dat Derdegolfbestuur die ideologiese aansprake van die *New Age*-beweging deel nie. Derdegolfbestuur het geen religieuse bekeringspretensies nie.

Dit is meer korrek om Derdegolfbestuur te verstaan as die postmoderne paradigma wat eventueel in die bestuurswetenskap op die middelvlak neerslag vind. Daarom sal daar voortdurend etlike bestuursmodelle en bestuurstrukture ontspring, byvoorbeeld die Vierdegolfbestuur, wat een of ander uiterlike manifestasie is van die dieperliggende bestuursteorie ten opsigte van die verstaan van die werklikheid. In figuur 3 word dit skematies in terme van paradigmas weergegee.

**Figuur 3: Die verhouding tussen Derdegolfbestuur en die *New Age***

| | **Premodernisme** | **Modernisme** | **Postmodernisme** |
|---|---|---|---|
| Mikroparadigma | | | |
| Mesoparadigma | Eerstegolfbestuur | Tweedegolfbestuur | Derdegolfbestuur (Vierdegolfbestuur) |
| Makroparadigma | | | *New Age*-beweging |

- Vir die Christenwetenskaplike is die poging om alles te bevraagteken in orde solank as dit nie die soewereiniteit van God Drie-enig aantas nie.
- Om alles as 'n eenheid te sien het meriete, maar daar moet altyd met die ingeskape verskeidenheid rekening gehou word.
- Vir die oortuigde Christen sal daar altyd net een God wees en nie verskillende paaie om by dieselfde God uit te kom nie. Daar is maar een pad en dit is deur Jesus Christus.
- Om spesialisasie teen te werk en die sogenaamde deskundiges die alleenreg op meningvorming te gee, werk eensydigheid en tonnelvisie teë. Dit mag egter nooit daartoe lei dat alles in 'n relativisme versand nie. Sonder blywende beginsels ontneem die mens homself van 'n bestemming.
- Derdegolfbestuur is dus geen nuwe bestuursmodel nie maar 'n vars kyk op die werklikheid waarbinne die bestaande bestuursmodelle funksioneer. Derdegolfbestuur is 'n nuwe benadering om ou probleme op te los.
- Derdegolfbestuur bied die moontlikhede om in die toepassing van bestaande bestuursbeginsels die werklikheid van die hede in berekening te bring.
- Daar is dus genoeg positiewe punte in Derdegolfbestuur wat Christenbestuurders met groot vrug kan gebruik sonder om die vastighede en die onderskeidingsvermoë wat hulle in hulle Christenwees ontvang het, prys te gee nie.
- Hoewel daar sekere raakpunte met die *New Age*-beweging bestaan, is dit 'n dwaling dat Derdegolfbestuur 'n uitvloeisel daarvan is. Derdegolfbestuur is 'n postmodernistiese benadering tot bestuur met talle voordele maar ook met sekere slaggate wat vermybaar is.

## Bibliografie


BARKER, J.A. 1992. Paradigms. The business of discovering the future. New York : Harper Collins.

BATEMAN, T.S. & ZEITHAML, C.P. 1993. Management, function & strategy. Boston : Irwin.

BOA, K. 1977. Cults, world religions and the occult. USA : SP Publications.

BUITENDAG, J. 1985. Skepping en ekologie. 'n Sistematiese ondersoek na die teologiese verstaan van die werklikheid. Pretoria. : UP. (D.D.-proefskrif.)

BUITENDAG, J. & VAN DER MERWE, P.J. 1991. Die *New Age*-beweging. Vereeniging : CUM.

BECK. 1993.
*kyk*
NATIONAL VALUES CENTER. 1993.

CAPRA, F. 1989. The Tao of physics. An exploration of the parallels between modern physics and Eastern mysticism. London : Williams Collins Sons.

CUMBEY, C.E. 1983. The hidden dangers of the rainbow. The New Age movement and our coming age of barbarism. Louisana : Huntlington House.

DE BONO, E. 1994. Surpetition. Going beyond competition. London : Harper Collins.

DRUCKER, P.F. 1989. The new realities. London : Mandarin.

FOWLER, S. 1990. The New Age: threat or challenge? (*In* Die "New Age"-Beweging/The "New Age" movement.) Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 273/274. p. 32-50.)

GOGARTEN, F. 1952. Der Mensch zwischen Gott und Welt. Heidelberg : Lambert Schneider.

GOGARTEN, F. 1968. Die Frage nach Gott. Eine Vorlesung. Tübingen : Mohr.

KÜNG, H. 1991. Global responsibility. In search of a new world ethic. London : Harper Collins.

LOW, A. 1992. Zen and creative management. Tokoyo : Tuttle.

MARRS, T. 1987. Dark secrets of the New Age. Illinois : Crossway.

MAYNARD, H.B. & MEHRTENS, S.E. 1993. The fourth wave. Business in the 21st century. San Francisco : Beret-Koehler.

MOUTON, J. 1987. Thomas S. Kuhn (*In* Mouton, J. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. RGN-Studies in navorsingsmetodologie, 3. Pretoria : RGN. p. 57-80.)

NATIONAL VALUES CENTER. 1983. The psychological map: a living systems paradigm. Denton : NVC. (Ongepubliseer.)

NEWBIGIN, L. 1989. The Gospel in a pluralist society. Grand Rapids : Eerdmans.

PIERCE, J.A. & ROBINSON, R.B. 1991. Formulating, implementation and control of competitive strategy Boston : Irwin.

RIEDL, R. 1981. Die Kopernikanischen Wenden. Auseinandersetzungen im abendländischen Weltbild (*In* Huber, H & Schatz O *ed.* Glaube und Wissen. Wien : Herder. p. 153-185.)

SCHLINK, M B. 1988. New Age. From a biblical viewpoint. London : Evangelical Sisterhood of Mary

SPANGLER, D. 1984. The rebirth of the sacred. New York : Pantheon.

TOFFLER, A. 1980. The third wave. London : William Collins.

VAN AARDE, A.G. 1990. Holisme as 'n postmodernistiese filosofie in teologiese lig. *Hervormde Teologiese Studies*, 46(3):293-311, Sept.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Die "*New Age*"-Beweging 'n Onskuldige eksentrisiteit, nuwe hoop, demoniese sameswering of duidelike uitdaging vir die Christen? (*In* Die "New Age"-Beweging/The "*New Age*" movement. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studies, Studiestuk nr. 273/274. p. 1-31.)

VENTER, J.J. 1990. 'n Filosofiese perspektief op die New Age-Beweging. (*In* Die "*New Age*"-Beweging/The "New Age" movement. Potchefstroom : PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studies, Studiestuk nr. 273/274. p. 51-79.)

VERKUYL, J 1989. De New Age Beweging. Kernbegrippen beoordeling uitdaging. Kampen : Kok.

VYNER, O 1989 Radio South Africa, 26/3/1989. Johannesburg : SABC (Transkripsie van onderhoud in outeurs se besit.)

WHEATLEY, M.J. 1992. Leadership and the new science. Learning about organization from an orderly universe. San Francisco : Beret-Koehler.